

Dinsdag 24 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 2:39-40

Fokusgedeelte: Lukas 2:40 (1983-vertaling)

Die langverwagte Koning word vir ons groot

Tot dusver in Lukas het ons nog net gelees van reaksies op Jesus. Hy was nog nie die aktiewe persoon in die evangelie nie. In die gedeelte wat ons gelees het, lees ons die eerste aktiewe werk wat Jesus self doen. Ons lees dat Jesus, die Kindjie, gegroei het.

Vir ons klink dit glad nie besonders nie, want ons sien dit tog elke dag. Kindertjies wat groei, is 'n normale deel van die lewe. Tog is Jesus se groei die enigste keer in die geskiedenis waar daar 'n sondelose kind groei. Jesus is gebore sonder smet of sonde. Hy was 'n sondelose kind te midde van 'n gevalle mensdom.

Ons lees verder dat die Kindjie, Jesus, vol wysheid was. Dit is nie 'n woord waarmee jy 'n gewone kind sal beskryf nie. Wysheid begin met die dien van die Here. Jesus Christus was van sy kindertyd af wys, sy diens aan die Here het van sy geboorte af begin. Jesus Christus se diens aan ons het ook van sy geboorte begin.

Dan kan ons beseft dat Jesus Christus se perfekte lewe wat Hy vir ons toegereken het, al in sy kinderdae begin het. God gee vir ons die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus, asof ons self ons hele lewens gehoorsaam was. Dit is nie net Jesus Christus as volgroeide man wat vir ons geleef het nie. Dit was Jesus Christus, sondelose Kindjie, wat vir ons geleef en gegroei het in totale gehoorsaamheid.

Daarom is ons hele lewe, selfs ons kinderdae, heilig voor God, want Hy sien nie ons lewe nie, maar die lewe van Jesus die Kindjie, Jesus die Verlosser.

Sing Skrifberyming 16-1:1, 2, 7

Ds. Z van't Zand (Zander) (Middelburg-Noord)